Saterdag 4 April

Skrifgedeelte: Eksodus 12:12-30

Fokusgedeelte: Eksodus 12:29, 30 (AFR83)

Die verlossing van God se volk kom teen ’n skrikwekkend hoë prys

Die vertrek van Israel het vir die farao en die mense van Egipte teen ’n geweldige prys gekom. Die tiende plaag word uiteindelik kort en kragtig beskryf, maar dit het drasties van die voorafgaande plae verskil. Die eerste nege plae is min of meer almal deur Moses se uitgestrekte staf oor Egipte gebring. Maar hierdie laaste plaag het direk van die HERE gekom, sonder die betrokkenheid van Moses of sy uitgestrekte staf. Sonder dat die volk ’n spreekwoordelike vinger verroer het, het God hulle deur sy almag verlos.

Om middernag, die tyd toe Ra, die songod, volgens die Egiptenare op sy hewigste teen die bose magte moes veg, het die HERE elke eersgeborene van Egipte laat sterf "... *van die kroonprins af ... tot by die eersgeborene van die krygsgevangene in die tronk, selfs tot die eerstelinge van die diere.*" Daar was nie ’n Egiptiese huis waar nie bitterlik gehuil is nie.

Hierdie straf oor die volk deur wie Israel so lank verdruk is, was só radikaal dat die farao in daardie selfde nag nog aan Moses en Aäron toestemming gegee het om te vertrek ... met hulle mense, hulle kinders en hulle vee.

Vir Israel is Paasfees die fees waartydens hulle terugdink aan hulle verlossing uit die slawehuis van Egipte. Ons is bevoorreg om met dankbaarheid te kyk na Golgota en die oop graf: waar God se Paaslam, Jesus Christus, sy lewe/bloed gegee en die duiwel oorwin het om ons uit die slawehuis van die sonde te bevry en ewige, onvernietigbare lewe te gee aan elkeen wat in Hom glo. Dink hieraan elke keer as jy aan die Nagmaaltafel in die tekens van brood en wyn ’n persoonlike, dankbare ontmoeting met Jesus het (NGB Art. 35)!

*Sing: Psalm 146-1:1, 8*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*